

3

GELYKENISSE

Jesus preek in gelykenisse

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat Jesus gelykenisse gebruik om sy boodskap oor te dra.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet –

- weet dat Jesus gelykenisse gebruik om iets te verduidelik.
- weet wat 'n gelykenis is.
- die gelykenis van die saaiër ken.

Gesindheid

Die kinders moet –

- dankbaar wees dat Jesus op 'n verstaanbare manier met ons praat.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- die inhoud van die gelykenis van die saaiër kan weergee.
- die betekenis van die gelykenis van die saaiër op hulle eie lewens kan toepas.

MEER INLIGTING (Matteus 13: 10-13; Lukas 8: 4-15)

Die Joodse geleerdes het verskillende metodes gebruik om die volk te leer. Hulle metodes was dikwels moeilik om te verstaan. Jesus het baie meer verstaanbaar gepreek. Jesus gebruik gelykenisse om iets te vertel. Dit was vir sy tyd 'n nuwe manier en het die verbeelding van die mense aangegryp.

Jesus het gelykenisse gebruik om vir ons aan te dui hoe God se koninkryk is. Hy gebruik alledaagse beelde met die doel om 'n ander dieper en belangriker saak te verduidelik.

God is baie groter en meer as wat ons kan dink of sê. Deur 'n gelykenis kan ons iets verstaan van die grootheid en almag van God. Jesus het beelde gebruik wat die mense goed geken en verstaan het. Die gelykenisse het gehelp dat 'n mens God se boodskap maklik verstaan.

Jesus het die volgende gelykenis vertel: Op 'n dag het 'n saaiër uitgegaan om te saai. Met die saai het 'n deel van die saad op die pad geval, en dit is vertrap en die voëls het dit opgepeik. 'n Ander deel het op 'n klipbank geval, en nadat dit opgekom het, het dit verdroog, want dit het nie grond gehad om in te groei nie. 'n Ander deel het tussen die onkruid geval, en die onkruid het daarmee saam gegroei en dit laat verstik. Daar was ook 'n deel wat op goeie grond geval het. Dit het opgekom en 'n baie goeie oes gelewer.

Die betekenis van die gelykenis is die volgende: Die saad is die Woord van God. Die saad wat op die pad val, dui op mense wat die Woord van God hoor. Die duiwel neem dit uit hulle harte weg sodat hulle nie tot geloof kom nie. Die saad wat op die klipbank val, dui op die mense wat die Bybel met blydschap aanneem wanneer hulle dit hoor. Dit skiet egter nie in hulle lewe wortel nie. Hulle geloof hou net 'n kort rukkie.

Die saad wat tussen die onkruid val, dui op dié wat die Bybel hoor, maar as gevolg van al die rykdom en kamstige lekker dinge in die wêreld word dit verstik. Die deel wat in die goeie grond val, dui op die mense wat met 'n goeie en opregte hart hoor wat die Bybel sê en dit gaan uitleef.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Praat met die kinders oor die preek en wat hulle daarvan verstaan het. Open dan met 'n gebed.

HET HULLE ONTHOU?

Kontroleer of hulle –

- hulle eie gebed geskryf het – laat enkele dit lees.
- die feite ken deur vrae te vra.
- die Ons Vader-gebed ken – laat enkele dit opsê.

VRAE

- Wat is 'n gebed? *Gebed is 'n gesprek met God.*
- Watter gebed is 'n goeie voorbeeld van hoe ons moet bid? *Die Ons Vader.*
- Watter paar belangrike dinge moet ons onthou in ons eie gebed? *Om God te loof en sy Naam te verheerlik, vir God te vra wat ons elke dag nodig het, die Here se vergifnis te vra en die Here te dank vir sy liefde en genade.*
- Hoe gereeld moet ons bid? *Ons moet elke dag bid en kan enige tyd met God praat.*

BELANGRIK. Onthou om solank reëlings te tref vir 'n besoek aan 'n tehuis vir bejaardes vir die week wanneer Les 6 aangebied word.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Speel met die kinders die speletjie *telefoontjie*.

Fluister die volgende sin in 'n kind se oor: *Jesus gebruik gelykenisse om sy boodskap oor te dra.*

Die kind dra dit wat hy of sy gehoor het, aan die volgende kind oor. Dit word herhaal totdat die boodskap die laaste kind bereik. Die laaste kind moet die boodskap wat aan hom of haar oorgedra is, hardop sê.

Bring die volgende tuis by die kinders: Ons het so pas 'n boodskap probeer oordra. Nie almal het dieselfde gehoor nie. Party kinders het 'n ander boodskap gehoor. Dié wat dit verkeerd gehoor het, sou ook verkeerd daarop gaan reageer het. Net soos ons 'n speletjie gebruik het, het Jesus 'n gelykenis gebruik om vir die mense te verduidelik dat alle mense nie dieselfde ding gaan doen as hulle iets hoor nie. Party hoor en verstaan dit verkeerd. Ander hoor dit, maar vergeet weer baie gou.

IETS INTERESSANT

Dra die inhoud van MEER INLIGTING aan die kinders oor. 'n Gelykenis is 'n verhaal wat vertel word om vir mense iets te leer. In die gelykenis van die saaiër is die saad wat gesaai word, die Woord van God.

Lees Lukas 8: 9-10 voor en verduidelik die betekenis daarvan:

⁹ *Sy dissipels het Hom gevra wat die betekenis van hierdie gelykenis is. ¹⁰Hy het geantwoord: "Aan julle is dit gegee om die geheime van die koninkryk van God te ken, maar vir die ander bly dit by gelykenisse sodat hulle kyk sonder om te sien en hoor sonder om te verstaan."*

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende by die kinders in:

- Jesus gebruik gelykenisse om iets te vertel.
- Jesus het gelykenisse gebruik om vir ons aan te dui hoe God se koninkryk is.
- Hy gebruik alledaagse beelde om 'n belangriker saak te verduidelik.
- Jesus het die gelykenis van 'n saaiër vertel:
 - o 'n Deel van die saad het op die pad geval en dit is vertrap. *Die duiwel neem die Here se Woord uit mense se harte weg sodat hulle nie tot geloof kom nie.*
 - o 'n Ander deel het op 'n klipbank geval en dit het verdroog. *Dit is mense wat die Bybel met blydschap aanneem, maar hulle geloof hou net 'n kort rukkie.*
 - o 'n Ander deel het tussen die onkruid geval. *As gevolg van al die rykdom en kamstige lekker dinge in die wêreld glo hulle ook nie meer nie.*
 - o 'n Ander deel het op goeie grond geval. *Dit is die mense wat met 'n goeie hart hoor wat die Bybel sê en dit gaan uitleef.*

IETS OM TE DOEN

Deel die kinders in groepies in om die blokkiesraaisel te voltooi. Aan die einde rapporteer die groepe terug.

^{9a} H					^{9b} K		³ V						
O		² G	E	L	Y	K	E	N	I	S			
O					K		R						
R		⁷ O					H						
		N				¹⁰ S	A	A	I	E	R		
¹ J		⁴ K	L	I	P	B	A	N	K	E			⁵ P
E		R					L						A
S		U							⁸ W	O	O	R	D
U		I											
S		⁶ D	I	S	S	I	P	E	L	S			

Leidrade

Af

1. Die Persoon wat gelykenisse vertel het.
3. 'n Ander woord vir *gelykenis*.
5. 'n Deel van die saad het daarop geval.
7. 'n Ander deel van die saad het tussen ... geval.
9. Jesus praat met mense in gelykenisse omdat hulle ... (9a) maar nie sien, en ... (9b) maar nie luister en verstaan nie. (Matteus 13: 13)

Dwars

2. Jesus vertel dit om 'n boodskap oor te dra.
4. 'n Ander deel van die saad het daarop geval.
5. Dit is aan hulle gegee om die geheime van die koninkryk van die hemel te ken. Wie is hulle? (Matteus 10: 11 en 12)
8. Die *saad* is die ... van God.
10. Ons het geleer van die gelykenis van die ...

BY DIE HUIS

Verduidelik die opdragte by Les 5 by HET HULLE ONTHOU aan die kinders. Hulle moet die volgende gaan doen:

- Lees Matteus 13: 1-9 en Matteus 13: 18-23 by die huis om die vraag te kan voltooi. Kolom B moet by kolom A gepas word deur die gepaste letter langs die nommer te skryf (byvoorbeeld 1 Saad – E).
- Skryf 'n e-posboodskap aan 'n maat om te sê hoe hulle die gelykenis van die saaiër verstaan.
- Leer die feite.

VOOR ONS AFSLUIT

Onthou om reëlings te tref vir die aanbieding van Les 9. 'n Besoek aan 'n tehuis vir persone met gestremdhede kan gereël word. Die Ondersteuningsraad kan gekontak word vir besonderhede van so 'n inrigting in die omgewing. Die dominee kan ook gevra word vir inligting van lidmate met gestremdhede in die gemeente. Kontak die Ondersteuningsraad by die Kerkkantoor, telefoonnommer 012 322 8885.

AFSLUITING

Sluit af met gebed.